



Voorwoord

Geagte lid, die jaar is verby. Ons as Braunvieh telers kan net op ons knieë dankie sê veral vir God se Genade en seëninge die afgelope jaar. Die tye is nie maklik nie en kontantvloei druk is op almal se lippe, maar ten spyte hiervan was daar baie goeie hoogtepunte bereik deur ons telers.

Lees gerus in hierdie Nuusbrief van die hoogtepunte. My gelukwensing aan Eduan Braunvieh met hulle bul wat die LNR Prestasie Toetsklas vir Fase C bulle gewen het. Asook Cois Harman met sy besondere koei met haar uitstekende reproduksie syfers asook die LNR Nasionale Platinum toekenning. Manne, julle hou ons naam hoog, baie geluk!

Aan al die telers wat die jaar weer diere voorberei het vir ons veiling, baie dankie, sonder julle insette en diere kon ons nie so 'n veiling aanpak nie. Dan ook aan al die ou telers soos oom Philip Wessels en oom Piet de Villiers vir hulle bydrae tot die ras. Hul kennis van die ras kan niemand koop nie. Ek wens party dae hulle kon al hulle kennis en ervaring in 'n boek met ons deel. Dit sal so spesiaal wees. Ons waardeer hul positiewe insette deur die jare. Geagte lid, die mark lê vir ons oop soos 'n waenhuisdeur, ons moet dit net self begin ontwikkel. Produksie meting of te wel produksie aantekening; is seker die belangrikste ding nou op die tafel. Vanaf 2015 gaan die weeg van u speenkalwers verpligtend wees. Dit is nie om vir u meer werk te gee nie, maar om u eie kudde te kan meet en ook die ras se werklike syfers meer vergelykbaar te kry. Ons het alles in een pakket, maar ons kan dit nie staaf as ons dit nie meet nie. Ek hoop dat almal net so opgewonde daaroor is soos ek. Dankie aan my raad vir julle positiewe bydrae gedurende die jaar. Sonder julle sou ek nie die stuur kon vashou nie. Ek hoop julle geniet die Nuusbrief en lees oor al die nuwe besluite en dinge. Baie sterkte met julle boerderye. Ek vertrou dat almal 'n goeie reënjaar sal hê en dat u beste die mooiste sal wees in baie jare.

Groete
Christopher Havenga

Uit die Kantoor

Telers wat 'n positiewe bydrae wil lewer om die Ras te bevorder, is welkom om insette tydens die raadsvergaderings te lewer; een teler per vergadering; mits dit vooraf gereël word met die Raad. So 'n besoek sal op die teler se eie onkoste geskied.



Nuessli

Die koei Harman Nuessli FJNH 05 04 kom uit 'n baie vrugbare en langlewende voorgeslag. Haar ouma Sproetjies het op 15 jaar 13 kalwers gehad en haar ma Susie het op 14 jaar 11 kalwers gehad.

Nuessli is as junior koei aangewys as die interras junior kampioen koei op Vryburg. By verskeie skoue daarna is sy aangewys as die Braunvieh se kampioenkoei asook die superkoei van die ras. Sy is ook in 2011 tydens die Pretoria/Tshwane skou aangewys as die interras super kampioenkoei. Haar kalwers groei baie goed en speen bo gemiddeld ten spyte daarvan dat sy ook as koei gemelk word vir kaasproduksie.

Haar seun Harman Nantes FJNH 12 01 het ook in die Face C toets op Armoedsvlakte 'n goue meriete toekenning gekry vir groei tydens die toets.

Die bul het ook vanjaar die LNR NASIONALE PLATINUM toekenning tydens die Jakaranda skou gekry. Harman Nuessli was op 24 Augustus 2014 nege jaar oud en haar 8ste kalf staan reeds langs haar.

Nantes

Harman Nantes FJNH 12 01, 'n Goue meriete Fase C bul, kom uit 'n baie vrugbare en langlewende geslag aan moeders- en vaderskant. Sy pa Harman Felix FJNH 05 02 was verskeie kere aangewys as die Braunvieh se Senior kampioen en ras kampioenbul tydens skoue. Sy oupa Harman Markus 8 FJNH 01 08, is 'n baie aanpasbare bul wat op bykans 14 jaar steeds suksesvol as kuddebul gebruik word. Harman Markus 8 was op die Braunvieh se Nasionale Kampioenskappe in 2009 aangewys as die opperste Raskampioen van die Braunvieh en het as KI bul net soos sy pa, Sonneskyn Markus 8, 'n besondere impak gemaak op die Braunvieh. Sy ma Harman Nuessli FJNH 05 04 is vanjaar ook aangewys as die Nasionale Elite koei van die Braunvieh.



Braunvieh Bosberaad

Braunvieh SA hou 'n baie suksesvolle bosberaad te Brandfort by die Grasslands Safari Lodge om die huidige stand en die pad vorentoe van die ras te bepaal. Daar is baie lekker gesels oor die ras en die organisasie en almal was dit eens dat ons met 'n wonderlike ras boer met ver meer positiewe eienskappe as die negatiewe. Daar is besluit om met die positiewe te werk en baie gedagtes is gewissel. Verskeie werkgroepe is ook byeengeroep om die raad met spesifieke sake by te staan.

Die belangrikste seker was die lekker kuier tydens die dae. Telers en belangstellendes het mekaar opnuut weer gevind en bande gebou. Baie dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het.

Daar is besluit om vroeg in 2015 weer bymekaar te kom en terugvoering te gee. Telers moet dit nie mis nie, volledige inligting sal bekend gemaak word.

--Gawie Naudé



Braunvieh SA

AJV 2014 Toekennings

Die volgende toekennings is tydens die Algemene Jaarvergadering uitgegee:
Die Presidensiële Toekenning (Mnr Piet de Villiers AC Cattle Co en Sonneskyn Stoet), die Kудde van die Jaar Toekenning (Mnr JJ Bester en dogters, Witbek Stoet) en die Beste TKP Toekenning (Mnr JJ Bester en dogters, Witbek Stoet met 'n TKP van 375 dae).




Braunvieh SA Vryburg Skou Kampioene 2014



Kalf Kampioen Vers	JJ Bester & Dogters	Witbek Ria
Kalf Kampioen Bulkalf	JJH van Zyl	Beaulieu Willie
Junior Kampioenbul is vertoon deur	JJH van Zyl	Eduan Jumbo's Meneer
Junior Kampioen Vroulike dier is vertoon deur	JJ Bester & Dogters	Witbek Scout
Senior Kampioen bul is vertoon deur	JJ Bester & Dogters	Witbek Windhoek
Senior Kampioen Vroulike dier is vertoon deur	JJH van Zyl	Beaulieu Rosie's Matilda
Raskampioen bul is vertoon deur	JJ Bester & Dogters	Witbek Windhoek
Raskampioenkoei is vertoon deur	JJH van Zyl	Beaulieu Rosie's Matilda
Opperste kampioen	JJ Bester & Dogters	Witbek Windhoek

Baie geluk aan Hampie van Zyl van die Braunvieh Beaulieu Stoet wenner van die Vryburg Skou Interras Reserwe Grootkampioen – Vroulike dier en Reserwe GOUE BEKER met die koei Beaulieu Rosie-Matilda



Romeo



Kahein



Braunvieh

2 BULLE FASE C :
FKP 130110 - GOUD
FKP 130113 - GOUD



Frans

079 135 9356



Kallie

082 948 2917



ritamari.badenhorst@gmail.com

Stamboek sake.

Ons ervaar heelwat telers wat, nou dat hulle gemaak word om hul uitstaande rekeninge vir die jaarlikse fooie te vereffen, te kenne gee dat hulle lankal by hul Genootskap bedank het en dat Stamboek hulle krediet moet gee.

Afgesien van die administratiewe las, gooi dit Stamboek se begroting omvêr. Ons het egter nie 'n keuse nie, want as die teler eers bedank het, sal ons nie die geld uit hulle kry nie.

Graag doen ons 'n vriendelike beroep op alle Genootskappe om asseblief enige bedankings so spoedig as moontlik deur te gee aan Philna Hattingh by Stamboek ten einde hierdie onnodige administrasie te voorkom.

Verder ervaar ons ook dat heelwat telers vra vir per kapita regstellings, nadat ons gefaktureer het. Dit is onaanvaarbaar, want hulle het meer as twee maande geleentheid gehad om hul per kapitas reg te stel en is verskeie kere kennis gegee, deur Stamboek en die Genootskappe, dat hul per kapitas teen einde Mei reggestel moet wees.

Ons sal hierdie saak ook weer aanspreek teen per kapita tyd in 2015.

Dr. Pierre Van Rooyen

MEGA WEEK 2014

Die Mega-week was 'n baie nat en koue drie dae, tog was die belangstelling baie goed. Baie dankie aan Ben Mills en Danie Botha vir al hulle moeite om elke jaar hul beeste daar te gaan uitstal. Manne, die beeste was mooi en ons waardeer dit. Dit is regtig 'n moet om daar 'n draai te gaan maak. Die Kaapse atmosfeer hang sterk in die lig. Wat lekker is, is dat al die diere onder een dak is. So jy sien sommer almal op een slag. Daar was oor die 1000 Dorper skaap asook die Nasionale Boerboel skou wat meer as 250 honde vertoon het. Ek hoop dat u as teler volgende jaar 'n trippie Kaap se kant toe sal maak en die twee Braunvieh manne daar sal gaan ondersteun.

Jacaranda Show & ARC Interbreed Phase C Competition



Eduan Jumbo's Manifest represented the Braunvieh breed at the 2014 Jacaranda show in the ARC interbreed phase C competition. He was awarded the winner in a very stiff competition, according to the judges. Manifest was also crowned in the Braunvieh section as the Junior and Champion bull as well as the Interbreed Reserve Champion bull. He is the third calf of his mother Eduan Hoogmoed to represent the breed at this level.

2014 Vleissentraal / Studbook Elite Bull Growth Competition

Eduan Stephanus Luitenant represented the Braunvieh breed at the 2014 Vleissentraal/Studbook Elite Bull Growth Competition and did very well. He is the third bull from his father BEAULIEU DUHET STEFANIE (STEPHANUS) to represent the breed at this level



Nampo 2014

Eduan Braunvieh behartig die NAMPO uitstalling tydens die 2014 NAMPO. Baie besoekers en belangstellendes besoek die stalletjie en gesels of deel net 'n koppie koffie. Dit is 'n ideale geleentheid om die Braunvieh aan die publiek bekend te stel aangesien daar nog baie verwarring bestaan. Baie dankie aan Kobus en Marietjie Bezuidenhout en Gawie en Willem Naudé vir hul bydrae asook die ander lede wat kom help het.



Besoek aan Namibië

Deur Andre en Annemarie Reitsma van die JC Braunvieh stoet

Ons het so 'n vinnige onbeplande draai in Namibië gaan maak vanaf 5 Junie. Die gedagte was om die B X B (Braunvieh X Brahman) veiling by te woon op 6 Junie. Ons het beplan om reeds Vrydag na die veiling terug te keer na Suid Afrika. Die Namibieërs (Lourens en Henriëtte Le Grange van die Aurora stoet) se gasvryheid het dit nie toegelaat nie en ons was eers Maandagaand na 'n baie positiewe, opbouende en geseënde tyd in Namibië op hul plaas, terug by die huis.

Braunvieh X Brahman Elite Auction (B X B: the only thing better than 4X4) – Hierdie veiling was 'n eerste in Namibië waar twee rasse en twee stoettelers hande geneem het en uitsonderlike stoetdiere uit beide rasse, bulle asook vroulike diere, aan te bied. Die Braunvieh ras is deur Aurora Braunvieh (Lourens en Henriëtte Le Grange) verteenwoordig en die Brahmanne deur Claus en Heidi Duval. 'n Verdere doel van die veiling was om kruisverse uit die twee rasse (Braunvieh bul en Brahman vroulike diere) op die veiling beskikbaar te stel. Dit was 'n baie suksesvolle veiling en Brahman bulle is vir R60000 verkoop terwyl die Braunvieh's met die hoogste prys vir 'n bul weggestap het nl R90000. Die prestasie is herhaal met 'n Braunvieh vers wat vir R30000 verkoop is. Hierdie is 'n besonderse vers met die bul CDH Nampo haar oupa aan ma se kant en Aurora Doller haar pa. Sy is 5 maande dragtig met die bul Franko wat 'n seun van CDH Rick is. Die hoogste prys vir kruisras verse (Braunvieh x Brahman) was R14250. Dit is baie duidelik dat die besondere kruising tans bo aan die inkopie lys van kommersiele boere in Namibië is. Aurora Braunvieh het 15 Bulle ingeskryf en 10 Braunvieh vroulike diere. 'n Opvolg veiling word beplan in September 2014 waartydens daar weer 15 Top Braunvieh bulle aangebied sal word.

Besoek aan die Arora stoet op hul plaas – Ons het Saterdagoggend 7 Junie vanaf Windhoek na die plaas in die Gobabis omgewing vertrek. Saterdagmiddag en Sondagoggend het ons die voorreg gehad om na die beeste van Lourens en Henriëtte te gaan kyk. Die stoet bestaan tans uit 542 gerigistreeerde diere nl; 208 bulle en 334 vroulike diere. Die kwaliteit van die beeste en veral die jong kalwers wat hul eie aandeel is kan nie in woorde beskryf word nie. Dit is nie moeilik om te verstaan hoe Aurora dit regkry om twee veilinge 'n jaar te hou en op elk 15 top bulle aan te bied en dan ook nog top pryse vir die bulle te kry nie. Hier is vanaf 2006 gewoeker met hul talent en met die genetieka wat hulle orals bymekaar moes maak.



Die fotos hierby is 1. Van Reno wat pas by die koeie weggevat is en in 'n puik kondisie is, 2. Die vers wat vir R30 000.00 verkoop is, 3. Aurora Doller se ma wat nou 18 jaar oud is en weer 'n kalf het ('n lewende bewys van die langsliewenheid en vrugbaarheid van die ras) en 4. Die groepie dragtige kruisverse wat vir R14 250 verkoop is.

Aurora Braunvieh het ook twee Top bulle na die SA Nasionale veiling gebring en belangstellendes kan hulle kontak by: Lourens +264 811279170 en Henriëtte +264811249670.

Baie dankie Lourens en Henriëtte vir julle kosbare tyd wat julle aan ons spandeer het en julle passie en liefde vir julle diere wat julle met ons gedeel het. So 'n besoek moet hoog op die agenda van enige Braunvieh teler wees. Dit is baie leersaam en 'n belewenis om so 'n groot groep kwaliteit diere bymekaar te sien.

Juda 1 : 25.



Bymekaar bring van top Suid Afrikaanse - en Namibiese gene

JC Braunvieh stoet

JC Braunvieh stoet was suksesvol om die saad van Aurora Dollar gedurende die Nasionale veiling in Oktober 2013 te bekom. 'n Verdere toevoeging is die verkryging van CDH Nampo wat gedurende 2006, deur Christopher Havenga aan Lourens en Henriëtte Le Grange, van die Aurora stoet in Namibië, verkoop is.



Nampo

Hierdie twee bulle het baie goeie resultate gelewer in die Aurora stoet en hulle seuns se pryse op die Namibiese veilings getuig hiervan asook die goeie vroulike diere wat hulle geteel het.

Top koeie is nodig om die twee bulle te komplimenteer en verskeie koeie is van onder andere Pat Wethmar (Kimberlite, Irene, Heidi en nog meer) Christopher

Havenga (Heroïne, Tinkie en andere) en Oom Philip Wessels (Catty) aangekoop. 'n Verdere toevoeging tot die koeie is Risant wat van Sampie aangekoop is tydens die 2014 Nasionale veiling te Kimberley. Van hierdie koeie is reeds ge-KI met die twee bulle se saad.

Embrio spoelings sal gebruik word om die top gene uit die twee verskillende lande te vemeerder en 'n groep vroulike diere te teel waarop die kudde vorentoe kan bou. 'n Suksesvolle embrio program is in Februarie (nie met die twee bulle se saad nie) gevolg waartydens twaalf (10 graad A en 2 graad C) vars embryos geplant is in elf koeie. Nege graad A en beide die graad C embryos het gevat. Ons sal dus elf kallers aankry. Die hand van die Here is duidelik sigbaar in die sukses.

Hierdie prestasie is ongewoon.


Die beskikbaarheid van geskikte draers is altyd 'n probleem maar die is in 'n mindere mate opgelos deur die gebruik van Braunvieh koeie (SP en kommersieel), asook bloubloed genetika koeie wat toe nie bloubloed genetika was nie. 'n Beleid sal vir twee jaar gevolg word waar SP koeie aangewend sal word as ontvangers waar daar gevoel word dat so 'n koei nie 'n beter kalf sal kan lewer as 'n embrio kalf van 'n top koei nie.

Tinkie en Risant sal gedurende November 2014 gespoel word en veertien Braunvieh koeie sal voorberei word as ontvangers. Daar word ook onderhandel met 'n kommersiële boer in die Standerton distrik vir die beskikbaarstelling van vyftig Drakensberg koeie as draers vir Februarie 2015 se spoelings.

Enige belangstellendes kan Andre skakel op 0718961466.



Aurora Dollar



Oom Philip Wessels en Catty



Risant

Luigi, Estelle en Wida immigrer



LUIGI

Die JC Braunvieh stoet was suksesvol met die aankoop van LUIGI, 'n top stoetbul, en twee vroulike diere (Estelle en Wida) vanaf die Aurora stoet in Namibië.

Luigi is 'n kleinseun van Nampo en sy pa is Polis, wat van moederskant uit die Delkoms stoet in Namibië geteel is. Wida is 'n dogter van Nampo terwyl Estelle 'n dogter van Dollar is.

Ons is werklik geseënd om die diere vanaf Henriëtte en Lourens te kon aankoop. Dankie Henriëtte en Lourens vir julle vriendskap en vertroue in ons om hierdie diere aan ons toe te vertrou. Ons prys ons Vader vir die voorreg om met sulke diere te kan boer.

Groete Andre (0718961466) en Annemarie.



ESTELLE



WIDA



Ek het 20 jaar in Johannesburg gebly en toe vir my broer kom werk in Groblersdal wat 'n vervoer maatskappy het. Erhard het vir 'n ander vervoer maatskappy gewerk wat hulle trokke op my broer se plaas kom stop het.

Erhard het my die heel eerste keer gesien toe ek op 'n drom sit, met 'n baba boerbokkie in die arms wat ek melk gegee 'nt. Sy was een van 'n tweeling en die ma het haar weggegooi. Toe moes Erhard al die gevaarligte gesien flikker het ...

Ek was nog altyd baie erg oor diere maar het voorheen net katte en honde gehad. Daai baba bokkie was vir my die wonderlikste troeteldier wat ek nog ooit gehad het. Ek het haar natuurlik nou nog.

Ons is later getroud en is nou Desembermaand 5 jaar getroud. Erhard het ook 'n plaas agtergrond. Hy het by verskillende boere gewerk wat met beeste en skape geboer het.

Erhard het toe ook by my broer begin werk.

My broer, Jaco bly op 'n plaas om staanplek vir al die trokke te hê en nou boer hy maar so bietjie met groenboontjies, suikermielies ens. wat hy op kontrak plant vir Natures Garden. Hy het Bonsmaras gehad, maar het dit nou alles verkoop. Dus is dit nou net ons beeste op die plaas.

Erhard het 'n paar Dorper skape en dan natuurlik 'n lieflingsbok met haar lammetjie. Verder het ons nog 8 honde en 1 persiese kat. Vat langer in die oggend om hom te "groom" as wat ek vat. Ons het nie kinders nie – ek verkies 4 been kinders.

Verlede jaar het ons vir die 1ste keer na Nampo gegaan. Daar sien ek toe vir die eerste keer 'n Braunvieh koei met haar kalf. Dit was liefde met die eerste oog opslag. Toe wil ek net so 'n kalf hê. Erhard sê nee, wat wil ek met 'n kalf doen. Maar as daar nou een ding is wat hy geleer het van sy vrou is as sy gesê het "Watch my" dan is die oorlog verby.

Ons het toe met Andre Reitsma gepraat by die skou en hy het gesê hy sal my laat weet as hy 'n vers het. Ek het toe nie 'n stoetvers gesoek nie. So het Nanette in ons lewens ingekom. Sy is die wonderlikste vers. Van die begin af was sy so mak.

Toe het ons later nog 3 stoetverse by Andre gekoop. Die een het nou haar 1ste kalf gehad.

Op die veiling het ons toe nou eers die Braunvieh familie ontmoet. Dis die aangenaamste mense wat ek nog ooit ontmoet het. Toe het ons nog 5 verse gekoop. Nou staan ons boerdery darem op 10 diere.

Ek werk verskriklike ure in die kantoor, want my broer se besigheid het so gegroei en ek self het ook 'n trok. Die Here is so goed vir ons. Dus is daar nie vreeslik baie tyd vir ander dinge nie.

Naweke werk Erhard ook baie hard, want dan kom die trokke (10) werf toe en dan moet alles versien word ens.

Ek was baie lief vir tuinmaak, maar het nie meer veel tyd nie. Ek wil natuurlik net "boer". Veral as die kantoor my so mal maak. My broer Jaco verdra my maar met al my diere en dinge, want hy is baie baie bang ek loop weg en wie gaan dan sy kantoor "run".

Nou gaan ek eers boer!

Groete

Gerhard & Ina van Rensburg
Groblersdal
083 306 7446

NUIWE BRAUNVIEH SA STOETERY

“Branding”

Die belangrikste punte is saamgevat in die “standaard van voortreflikheid t.o.v. die Braunvieh SA”. Waar van toepassing, sal die paragraaf nommer as verwysing bygevoeg word.

Die “standaarde van voortreflikheid” geld te alle tye. Om 'n standaard daar te stel het die Genootskap besluit om bulle te keur en die bulle wat voldoen aan die standaarde te brand met die geregistreerde brandmerk op die linker blads, daarvoor is 'branding' ingestel. Geen bulle onder 18 maande mag gekeur en gebrand word nie. Keurders moet dus op die volgende punte klem lê, tydens “branding”:

1. Kop: manlikheid is 'n definitiewe vereiste (1.1)
2. Nek: korterig, met sterk en goed gespierde manlike skof.....(3.1)
3. Skouers en borsvloer: spier- en ligamentaanhegtings van skouers tot bors, moet stewig en ferm wees. Die borsvloer moenie toeknyp tussen voorbene nie. Pasop vir prominente skouerknoppe.....(4)
4. Middelstuk: Ribbekas moet lank, breed en diep wees, met goeie buikkapasiteit (sprong van rib).....(5)
5. Rug en lende: moet lank en breed en sterk wees; wegval agter die blaai, is ongewens; dis 'n teken van 'n tekort aan bespierung.....(6.1)
6. Kruis en stertwortel: bespierung moet deur die rug tot op die kruis sigbaar wees. Sterk in die lende, is van groot belang.....(7.1) Die stertwortel mag nie te prominent wees nie (bobbejaanstert); dit is sterk oorerflik .
7. Dye: Goed gespierd, dik, vol en diep, op die buite-, sowel as binnedye...(8.1). Daar moet gewaak word teen droë en dubbele bespierung. 'n Teken van droë bespierung, is 'n silindriese bul, sonder buikkapasiteit.
8. Hakke: ' regophakke' en 'sekelhakke' is onaanvaarbaar en moet teen gediskrimineer word.
9. Bene: Baie lank of te kort op die been, is ongewens....(14.3)
10. Skede: die hoek moet nie 45° oorskry nie. Die naelvel moet nie vlesig wees nie, die bul moet die skede goed kan beheer en nie 'n prolaps wys nie. Die skede moet nie laer as die haklyn wees nie.
11. Skrotumomvang: bulle 24 maande en ouer moet 'n minimum van 32cm en bulle 24 maande en ouer – 'n minimum van 33cm, in die middel gemeet, met die maatband redelik styf (AJV 2014).
12. Speenindeks: Vanaf 1 Julie 2015 moet 'n bul 'n minimum speenindeks van 90 hê, om te kwalifiseer vir 'branding'.

BRAUNVIEH NASIONALE VEILING 2014

'n Baie suksesvolle inligtingsdag en veiling is op 24 en 25 September 2014 by die GWK Kompleks te Kimberley gehou.

Tydens die inligtingsdag het die volgende sprekers baie leersame inligting met ons gedeel:

Mnr. Joël Herold van Voermol, Mnr. Paul van den Berg, Streeksbestuurder Landbou, Vrystaat en Noordkaap van FNB, Dr. Macdonald Gayakaya, staatsveearts, Kimberley. Mnr Willem Heffer en Herman Labuschagne van Stamboek. Die middag was daar 'n praktiese demonstrasie oor pelvis meting deur Dr. Bester-Cloete en mnre Hans Bester en Gawie Naudé het 'n praktiese demonstrasie van 'n bul en koei gegee.

Disdagaand is daar heerlik gekuier, dankie aan Christopher, Hans en Sampie vir die borg van die aand. Woensdag het GWK 'n braaiaand geborg waar almal dit terdeë geniet het.

Die Veiling was goed verteenwoordig en diere van uitstaande gehalte is aangebied. Aurora Braunvieh stoet van Namibië bied ook twee bulle aan. Eduan Boerdery van Barkly Oos verkoop die duurste bul, Eduan Jafta's Milord, vir R51 000 aan Mnr. Dick David van Maclear. Eduan Boerdery verkoop ook die duurste oop vers, Eduan Jafta's Meisie, aan Mnr. Hampie van Zyl van Olifantshoek.

Die gemiddelde prys van bulle was R31 667.00 en vroulike diere R12 547.62

Nogmaals baie dankie aan almal wat die veiling so 'n sukses gemaak het.



Meisie

Duurste bul verkoop op die Braunvieh Nasionale veiling Eduan Jafta's Milord van die Eduan boerdery Barkly-Oos. vlnr Mnre. Willem en Gawie Naudé verkopers, Deon Klop-per GWK afslaer en Schalk Erlank van GWK namens die koper Mnr Dick David van Maclear en Thulang Letsika hanteerder.



Milord

KERSBOODSKAP EN SEËNWENSE VIR 2015

Mag almal van julle 'n Geseënde Kersfees hê en mag God; wat oor alles beskik; sy Vrede oor ons uitstort. Ek bid dat u nooit sal wonder waar God is nie. Hy's altyd met ons deur goeie en moeilike tye. Ek bid oor u boerderij die Here se Seën en Voorspoed vir 2015. Mag ons nooit dink dat die jaar wat voorlê ons met ons eie krag kan aanvat, maar alleenlik deur Hom wat ons die Krag sal gee. Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2015.

Groete

Christopher Havenga

Braunvieh Presteer by SA Stamboek Jaareindfunksie

Die Braunvieh SA Genootskap het die tweede plek behaal in beide:

1. Die 2014 SA Stamboek Jaarverslag Wisseltrofee
2. Die 2014 SA Stamboek Beste webblad

Braunvieh SA Nasionale Kampioenskappe te Vrburg Skou

24 Maart 2015 Raadsvergadering

25 Maart 2015 Skou groepklasse en AJV

26 Maart 2015 Skou individuele diere en Prysuitdeling by Jaareindfunksie

27 Maart 2015 Interras Kompetisie

Geagte lid, daar word beplan om moontlik 'n NIE-HALTER mak skou te hou tydens ons Kampioenskappe. Verdere inligting sal deurgegee word.

Daar word ook beplan om saam met GWK ons eie Braunvieh Veiling te hou op die skougronde. As alles volgens plan verloop, sal ons dan ook ons Jaarlikse Dinee saam met die veiling hê.

Ons hou u op hoogte van die verwikkelinge.

Groete
Christopher

**A Great Attitude
becomes a Great Mood;
A Great Mood becomes
a Great Day....
A Great Day becomes
a Great Year...
A Great Year becomes
a GREAT LIFE...**

-UNKNOWN-

facebook/Zen to Zany